'Plagiaat': Hofstryd kom

Roberts se boek oor Mbeki eers nie herdruk

Uitgewer ondersoek aantygings

GERRIT BRAND
EN DIANA-MARIÉ STRYDOM

KAAPSTAD. – Ten spyte van aantygings oor plagiaat en dreigende regsaksie teen die skrywer van 'n boek oor pres. Thabo Mbeki, sal die boek, *Fit to Govern*, nie van boekrakke verwyder word nie.

Maar die herdrukproses van dié boek, waarvan ál 8 500 eksemplare uitverkoop is, is tydelik gestaak totdat daar uitsluitsel oor die aantygings is, het mnr. Reedwaan Vally van STE-uitgewers, die uitgewers van *Fit to Govern*, gesê.

Mnr. Anthony Brink, 'n aktivis teen vigsmiddels, gaan volgende week 'n strafregtelike klag aanhangig maak teen die skrywer van *Fit to Govern*, Ronald Suresh Roberts.

"Ek bluf nooit nie; ek is besig om 'n beëdigde verklaring voor te berei wat ek by die polisie gaan indien," het Brink gesê.

Die Burger het vroeër berig dat Roberts in *Fit to Govern* 'n aanval op Brink begin het waarin hy hom daarvan beskuldig dat hy vreemde idees oor vigs verkondig en dit verkeerdelik aan Mbeki toedig.

Roberts skryf ook: "*Thabo Mbeki is not now, nor has he ever been, an Aids dissident.*"

Brink maak op sy beurt aantygings oor "plagiaat", "versinsels" en "geskiedsvervalsing" teen Roberts in 'n selfpublikasie, *Lying and Thieving – The Fraudulent Scholarship of Ronald Suresh Roberts in* Fit to Govern – The Native Intelligence of Thabo Mbeki *with reference to chapters 8 and 9 on Aids: "A Clash of Fundamentalisms 1 – Medical Politics" and "A Clash of Fundamentalisms 2 – Racial Politics"*.

Vally het gesê die aantygings van Brink in die 370-bladsy-publikasie sal nou deeglik ondersoek word en regsadvies sal ingewin word voordat enige besluit geneem word. "Totdat hierdie proses afgehandel is, bly die boek op winkelrakke."

Hy het gesê STE-uitgewers beskou aantygings oor plagiaat in 'n baie ernstige lig en indien dit waar is, sal hy geweldig verraai voel deur Roberts.

Brink beweer verder die Edcongroep, wat onder meer CNA besit, het Roberts sowat R500 000 betaal vir die eksklusiewe regte om sy boek vir 'n ooreengekome tydperk te verkoop.

'n Betroubare bron het bevestig dat Roberts wél geld van die Edcongroep ontvang het vir die eksklusiewe regte.

Ál wat mnr. Mpho Makwana, hoof van korporatiewe sake by Edcon, egter bereid was om hieroor te sê, was: "Edcon het 'n kommersiële en vertroulike ooreenkoms tussen die skrywer, uitgewer en verspreider soos verduidelik toe die boek bekend gestel is."

Vally het gesê daar was 'n ooreenkoms tussen STE en CNA waarin CNA 'n eksklusiewe verkooptydperk gekry het in ruil vir 'n reusebemarkingsveldtog deur CNA.

Roberts het gesê hy ontken dat CNA of Edcon hom 'n aansienlike bedrag betaal het vir die eksklusiewe regte om sy boek vir 'n ooreengekome tydperk te verkoop.

Hy win tans regsadvies oor al die aantygings in.

"Indien enigiemand, buiten Brink wat 'n bietjie mallerig is, beweer dat ek plagiaat gepleeg het, sal ek hulle dagvaar."

Hy het die aantygings oor plagiaat verwerp en gesê hy kan elkeen van die sogenaamde voorbeelde van plagiaat weerlê. "Die plagiaatgoed is pure bog. Die interessantste deel is dat hy sê dat ek bedrieglik Mbeki se standpunt oor vigs verdraai."